AUGUST / AUGUSTUS 2007 **JG/VOL 15-2**

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

VOETSLAAN IN DIE WINTER? Derek Odendaal

Die winter-vakansie (met moontlike stapgeleenthede) is nou verby en die warmer weer van die lente voel nog baie ver. Baie stappers sit nog en hiberneer en wag dat die koue, vaal, droë en stowwerige toestande in die binneland verander in iets groener en warmer. Maar nie alles omtrent die winter is sleg nie. Dit kan ook baie lekker wees om in die winter te gaan stap. Alhoewel die meeste stappers eerder die snoesigheid van hulle huise (en motors) verkies, kan ons nie regtig kla oor ons winters nie. As mens eers eenmaal 'n nat en koue Europese winter beleef het, besef jy dat dit hier nie so sleg is nie. Ons wintersdae bied eintlik heerlike stapweer – dit is meestal sonnig en windstil. Al waaroor ek gewoonlik kla, is dat die dae so kort is en die nagte so lank (veral as jy in 'n tentjie moet slaap!). Die matige wintersdae is eintlik baie meer geskik vir 'n aktiwiteit waar jy die grootste deel van die dag loop en sweet, as wat die hitte van die somer is.

'n Mens moet natuurlik net voorbereid en toegerus wees vir hierdie winter-stappery, anders kan dit baie onaangenaam raak en jou net duskant ver-kluim laat. Die belangrike dinge is uiteraard diè wat jou warm moet hou (nee, niè OBS of Port nie, alhoewel dit altyd lekker is). Omdat die koue so erg in die nagte toeslaan, is 'n warm slaapsak die belangrikste. En moenie dat die temperatuur-gradering (bv. -5ºC) van 'n slaapsak jou mislei nie. Dis in die meeste gevalle sommer nonsens. Kyk eerder hoe hoog die slaapsak rys wanneer dit oopgegooi is. Dons is die beste vulling vir 'n warm nagrus, maar maak seker dat dit 'n fyn, kwaliteit dons is. Die prys van die slaapsak sal vir jou sê hoe goed die dons is. Wat warm klere betref, is wol en pool-vesel sekerlik die beste. Die ou beginsel om verskillende lae klere aan te trek, is steeds 'n goeie beleid. En onthou ook om 'n winddigte baadjie of top saam te neem indien daardie koue winterwind begin waai. >>>

On the mountains of truth you can never climb in vain: either you will reach a point higher up today, or you will be training your powers so that you will be able to climb higher to-morrow.

Friedrich Nietzsche

In hierdie uitgawe:

VOETSLAAN IN DIE WINTER
DAAR ANDERKANT DIE BLOU BERGE MOLLY SMIT
GORRILLAS HET GOEIE MANIERE
DIE DAGESTAN-GEBIED IN RUSLAND

BKSA lede wat briewe, stories oor uitstappies of nuusbrokkies in die Billi wil plaas, kan gerus vir Molly Smit (redakteur) kontak by : 051—5221548

Wintertyd se lang aande het ook sy voordele, veral as mens ‘n gerieflike oornagplek op die staproete het. Dan het jy mos baie tyd vir kuier en om daardie vyfgang-stappersmaaltyd voor te berei! Dit is ook die ideale geleentheid om verlore slaap in te haal. Wanneer gaan jy andersins nege ure hê waar jy niks anders het om te doen as om te slaap nie?

Vir ywerige fotograwe bied die wintertyd volop geleentheid om interessante en “anderse” foto’s te neem. Die landskap het sagter kleure in die winter, en die winter bied ook ‘n goeie geleentheid om strak en somber tonele aft e neem, veral omdat die son laer aan die horison hang (wat natuurlik beter is vir lig-kontraste). As jy nog net in die somermaande landskaptonele afgeneem het, is dit hoogtyd om in die winter uit te gaan!

Ek wil ook graag ‘n paar areas en moontlike staproetes noem wat geskik vir winterstaptogte is. Die warmer areas van ons land, soos die Oos-Kaapse en KwaZulu-Natalse kusgebiede, asook Mpumalanga en Limpopo, bied heerlike stapweer in die winter – dis glad nie so koud nie en dit reën ook nie sommer nie. Roetes soos die Wildekus, Strandloper, Mziki en enige van die roetes in Mpumalanga se laeveld en in Limpopo is geskik. In sommige gevalle is die winter die beste tyd om ‘n spesifieke staproete te gaan stap, soos die Visrivier Canyon en die Naukluft staproete in Namibië. Dit geld eintlik ook vir die Karoo se staproetes, wat veral in die laat-herfs en vroeë winter ‘n heerlike stap-ervaring bied. Die somer is net te warm vir stap in hierdie gebiede.

Die Suid-Kaapse staproetes is ook geskik vir stap in die wintermaande, veral die Otter, Outeniqua en Tsitsikamma, selfs al kan dit soms in die winter reën. Bly egter maar liewer weg van die Wes-Kaapse roetes. Dis regtig nie ‘n plesier as ‘n koue front jou in die Kaapse berge tref nie! Die hoër berge van die binneland, soos die Drakensberge, Maluti’s en die Witteberge van die Noord-oos Kaap bied vir die meer ervare stapper ook ‘n geleentheid tot ‘n bevredigende winter-staptog. Wees net goed toegerus en hou die weervoorspelling dop vir koue fronte. Net die prag en betowering van die ge-yste watervalle en stroompies wat ‘n mens op die hoogliggende dele teëkom, maak so ‘n staptog die moeite werd. Dan is daar natuurlik ook die moontlikheid van sneeu, wat altyd ‘n lekker bonus is.

As jy glo dat die winter nie geskik is vir voetslaan nie, kan jy gerus ‘n kopskuif maak en uit jou gemak-sone klim – jy sal werklik beloon word. Oorweeg gerus ‘n staptog vir Augustus, of beplan solank ‘n lekker staptog vir volgende winter.

DAAR ANDERKANT DIE BLOU BERGE

Molly Smit

Ek het in Mei vanjaar Australië met behulp van Emirates se Redery besoek. Hoekom het ek via Doebaai en Bangkok gevlieg? Omdat dit goed-koper is. Moet dit nie doen nie. Spaar en hoes eerder die bykomende duisende vir ‘n veel korter vlug. In elke rigting was die reis ongeveer 23 uur. Op pad soontoe was ek twee agtereenvolgende nagte as gevolg van die tydsverskil op die vliegtuig. Ek was so beneweld dat ek my eerste oggend in Australië my kosbare paspoort verloor het. Doen dit as jy jou duur en kosbare vakansie wil opmors! Vol punte vir die wonderlike vrou wat met paspoorte belas is in ons ambassade in Canberra, sowat van meelewende menslikheid!

Ek het heelwat tyd in die Mornington Peninsula buite Melbourne deurgebring. Op die punt van die skiereiland is die *Point Nepean National Park* waar daar ‘n aantal oulike voetslaanpaaie kuslangs is. Wees net versigtig vir die rowwe see. Dit is die gebied waar Australië se eersteminister, Harold Holt in die vyftigs spoorloos verdwyn het toe hy in ‘n woeste see gaan swem het. Niks van hom is ooit opgespoor nie.

Point Nepean National Park

Die laaste week van my vakansie is ek terug in Sydney. Ek besluit om vir ‘n dagtog per trein na die Blue Mountains te gaan. Die trein waarop ek besluit, vertrek 07:25. Die “hotel” waarin ek my bevind, sowat 1½ sterre @ 549-00 per nag en binne maklike loopafstand van die stasie, se hyser is al vir vyf dae buite werking. Ek is op die vyfde vloer. Op die grondvloer wonder ek of ek my kamerdeur gesluit het en ek klim die trappe moei-saam terug. Ek het toe niè die deur gesluit nie. Weer af tot onder en stasie toe. (Op my reis van 20 dae het ek ‘n hele paar centimeters danksy baie stap afgeskud en moes later my langbroeke met haakspelde bo hou). Ek verpas my trein net-net en wag vir die volgende een ‘n uur later.

Ek koop ‘n retoerkaartjie na Katoomba @ R97.20, wat ook die gebruik van ‘n hopbussie by my bestemming insluit en gaan eet solank ‘n heerlike en bekostigbare “brekywrap” by Hungry Jack’s op die stasie. Die koffie is gratis omdat ek so oud lyk. Ek het wel verduidelik dat ek nie op die gratis koffie geregtig is nie omdat ek ‘n Suid-Afrikaanse senior burger is. Met ‘n knip van een oog is ek aangeraai om stil te bly en my koffie te geniet. ‘n Boemelaar kom bedel ‘n dollar by my vir ‘n “cup’a”. Ek weier vriendelik want ek ken die ware omvang van sy “koffie”. Hy loop van tafel tot tafel en ek sien hoe die ander eters/drinkers hom bloot ignoreer. Ek vergeet van hom. Skielik is daar lewe by my tafel: my vriend die boemelaar staan met ‘n glas koffie langs my en sonder enige toestemming van my kant gebruik hy my tafel om suiker en melk in sy koffie te gooi en dit te roer.

Die melkhouertjie dop hy voor my om sodat die laaste paar druppels op die tafel uitloop. Ek bied my een koevertjie met suiker aan maar hy weier my aanbod botweg. Hy stap weg met sy koffie en ek moet sy gemors opruim (by wegneemplekke daar gooi mens self die oorblyfsels van jou ete en drinke in vullisdromme wat vir die doel voorsien is). So leer ek toe Australiese etiket: jy ignoreer ‘n bedelaar asof hy/sy nie bestaan nie. Indien jy *vriendelik* ‘n versoek weier, is die wraak morsig.

Die wêreld lyk mooier toe ons eers uit Sydney is. Dis bloekombome net waar jy kyk. Ek sien die hoofweg waar ‘n reeksmoordenaar ‘n klompie jare gelede rylopende buitelandse meisies en, as ek reg onthou, een man, opgelaai, ontvoer en gemolesteer het voordat hy hulle uiteindelik vermoor het. Een potensiële slagoffer, ‘n man, het uitgespring en ontsnap. Vandag nog is toeriste te bang om in Australië te ryloop.

Ons arriveer om 10:19 in Katoomba en my hopkaartjie word verruil vir ‘n inligtingstuk oor die hoproetes. Die bestuurder is ‘n senior burger wat baie behulpsaam is met inligting oor die verskillende stoppe. Ek klim by nommer 18 af en gaan met ‘n paadjie na die Gordon Falls Lookout. Ek hoor egter net die val, ek sien dit nie. Die lug lyk wasig blou as gevolg van die bloekomolies, Blue Mountains in die ware sin van die woord. Ek het toe verder vir ure met die voetpaadjies langs geloop, oënskynlik ver weg van die beskawing. In werklikheid was die motorpad nie ver bokant my nie, maar mens is onbewus daarvan. Ek stap heeltemal alleen en besoek Elysian Lookout, Tarpeian Rocks, Bridal Veil View, Leura Falls (in my volgende lewe wil ek by Leura ‘n huisie besit), Leura Cascades en Fossil Rock Lookout. Teen 14:00 spoeg die paadjie my by Solitary Kiosk uit waar ek ‘n bord sop bestel – R60-00! As gevolg van die trein wat ek in Sydney verpas het, word die tyd min. Ek wag dus nie vir die volgende bus nie, maar stap padlangs tot by Scenic World. Ek sweef met die Scenic Skyway (met ‘n glasvloer) hoog bokant ‘n diep vallei na die oorkant. Daar ignoreer ek die winkel vol aandenkings en klim op die Scenic Railway wat my amper loodreg af halfpad na onder neem. Ek volg die Scenic Walkway na ‘n ou steenkoolmyn. Daar is allerlei interessante uitstallings wat met skouspelagtig effekte aangebied word. Hoe op aarde het die mense steenkool op so ‘n onherbergsame plek in so ‘n digte woud ontdek? Ek stap af in ‘n pragtige reënwoud, toe weer op en met behulp van die Scenic Cableway is ek terug by Scenic World. Omdat ek nie die laaste trein na Sydney wil verpas nie, neem ek die tweede laaste hopbus terug na Katoomba wat my met ‘n mooi ompad terug stasie toe neem.



Waterval by Bridal Veil View

Dit is reeds donker toe die trein om 17:24 na Sydney vertrek. Dit was ‘n heerlike dag. Volgende keer sal ek ‘n nag in Katoomba oorbly, by stop no 19 in plaas van 18 begin stap, ‘n paar uitkykpunte besoek wat ek oorgeslaan het, en ek sal by die parkeerarea die bruggie benut wat die eskarpement met een van die Three Sisters verbind. En ek sal ‘n blikkie soutvleis of tuna vir middagete eet in plaas van daardie duur sop.

Three Sisters, Echo Point lookout, Katoomba

In Belmont, ‘n stad teenaan Newcastle, het ek by familie gekuier na ‘n pragtige treinrit vanaf Sydney. Die familie bly op ‘n bult in ‘n groot huis met ‘n skouspelagtige uitsig oor die Lake Macquarie, ‘n soutwatermeer wat vier keer groter as Sydney se hawe is. Oorkant die meer is die see met die hawe-ingang. Feitlik reg langs die huis is ‘n natuurreservaat met ‘n paar honderd kilometer voetpaaie. Ons het daar gaan stap en ek het die baie Suid-Afrikaanse flora wat daar groei en blom, uitgewys.

Dit dan my natuuruitstappies in Australië. Die massiewe land het massas natuurreservate met vele voetslaan- en wandelpaaie. Ek is spyt ek het so min daarvan ervaar. Maar wag maar…

A NEW NAME FOR ST LUCIA

South Africa’s first World Heritage Site, the Greater St Lucia Wetland Park, has a new name, iSimangaliso Wetland Park. The name was decided on after public discussion that started in 2005. Over 60 proposed names were received. The team tasked with the decision believed the 220 000 hectare wetland park had outgrown the name of St Lucia, linked to the town and lake of the same name.

The consolidated boundaries of the park now includes a third of the length of the Kwa-Zulu-Natal coastline, and destinations such as Kosi Bay, Lake Sibaya, Sodwana Bay, uMkhuze Game Reserve, False Bay, Fannies Island, Charters Creek, Lake St Lucia, Cape Vidal and Mapelane.

An important reason for the change: internationally the island of St Lucia in the Caribbean, with its own newly-listed world heritage Site, has a strong market presence, which dilutes the brand value of KZN’s St Lucia Wetland Park.

(Sun Feature Travel & Tourism, April 29, 2007, p.19)

It isn't the mountains ahead to climb that wear you out; it's the pebble in your shoe.

Muhammad Ali

MOUNT MOROOSI MOLLY SMIT

Moroosi (www.malealea.com)

"Mount Moroosi is situated in the south of Lesotho, in Quthing District, where the Senqu (Orange) River winds its way through the gorges and valleys of the magnificent Maloti Mountains. These lower-lying parts (1350-1390 m) are somewhat drier and hotter than elsewhere in Lesotho, with an abundance of wild olive trees (Olea europaea subsp. Africana) and bitter aloes (Aloe ferox).

(Wybenga, W. 2007. Mount Moorosi magic. *Veld en Flora*, June: 92).

As ek reg onthou, was die uitstappie na Thaba Moorosi in Lesotho my tweede saam met die Bergklub van Suid-Afrika, Afdeling Oranje-Vrystaat en Lesotho in die laat sestigs van die vorige eeu. Ray Morgan het vir Schalk van die gebied vertel en ons het met 'n heel begaanbare pad soontoe afgesit. Ons het die berg geklim en hoog teen die hange in 'n holkrans oornag. Die oggend het 'n klompie nuuskierige bokwagtertjies by ons besoek afgelê. Ek onthou hoe Schalk met stywe spronge 'n Boesmandans uitgevoer het terwyl hy homself ritmies op 'n koekblik se deksel begelei. Die wagtertjies het gelê soos hulle lag. Sover my kennis strek het die Vrystaat Afdeling nooit weer soontoe gegaan nie.

Mens kom daar deur die pad te volg wat van Sterkspruit af in die rigting van Quacha's nek, Sehlabathebe Nasional Park en Sehongong loop. Groot dele van die berge is wildernis en daar word nou deur die Quthing Wild Life Development Trust, in samewerking met Glenn en Mick Jones van Malealea Lodge gewerk om die gebied te ontwikkel met ekotoerisme as doelwit. Skynbaar begin die plaaslike gemeenskap die voordele van ekotoerisme waardeer en ondersteun. Verblyf en 'n gids is by die Mount Moorosi chalets beskikbaar.

>>>

As mens teen Thaba Holo en Thaba Moorosi op loop, is jy in die gebied waar die Cape Mountain Riflemen in 1879 in 'n woeste geveg met opperhoof Moorosi betrokke was. 'n Uur se stap van Mount Moorosi chalets af is die indrukwekkende Senqu ravyn met die pragtige Aloe *ferox* wat van September tot November blom.

In die vallei van die Sebapala Rivier, naby die dorpies Ha Liphaphang en Sekonyela so 40-50 km suid van die dorp Thaba Moorosi, is goeie rotstekeninge waarvan sommige minder as 200 jaar gelede geskilder is.

Die bedreigde spiraalaalwyn, Aloe *polyphylla*, word by die dorpie Sekonyela voor die huisies geplant as gelukbringers en vir medisinale doeleindes. Moet dit asseblief nie by "handelaars" langs die pad koop nie, dit is onwettig omdat dit 'n bedreigde plant is. Net sowat 17 000 plante kom nog in die natuur voor. Plantjies is vryelik by wettige kwekerye in Lesotho te koop. In Bloemfontein se botaniese tuin is voorbeelde te sien.

MPUMALANGA MOUNTAINS WORLD HERITAGE SITE?

Barberton, Mpumalanga is bidding to have the historical Makhonjwa mountains around Barberton declared a World Heritage Site. The mountains are believed to be the oldest in the world, at 3.6 million years, and have the oldest fossil records.

The province has already managed to convince the South African World Heritage Committee (SAWHC) of the mountains' global importance. The Makhonjwa mountains have been placed on a tentative list of possible world heritage sites in South Africa that will be discussed in November 2007. A final list of possible sites will then be drawn up. If the Makhonjwa mountains make it to the final list, it could take a further five years before the site is given the prestigious title by UNESCO. (http://list.africom.museum/.html)

MUSTANG

For centuries, the tiny Buddhist kingdom of Mustang has been all but sealed, its ancient culture protected from outside influence, but now a new 460km highway linking China and India through Nepal will change that.

King Jigne Palbar Bista of Mustang, who retains his title even though his realm became part of Nepal more than 200 years ago, welcomes the road as a vital link to goods and services such as health care that his 7 000 subjects have never had access to. (http://www.taipeitimes.com)

GORILLAS HET OOK MANIERE

Gorillas het ook tafelmaniere. Hulle vee hul gesigte en hande met blare af as hulle ‘n maaltyd genuttig het wat hul gesigte vuil gelaat het.

Natuurbewaarders op die spoor van ‘n groep gorillas in Wes-Afrika het dié tafelmaniere ontdek. As die gorillas ‘n olierige vrug klaar geëet het, pluk hulle groot blare om hul hande en gesig mee af te vee, nes mense servette gebruik. Hulle gooi dan die gebruikte blare op die grond wat dit vir spoorsnyers maklik maak om hulle te volg.

Baka-pigmeë-spoorsnyers van die dierkunde vereniging van Londen (ZSL), besig met ‘n bewaringsprojek in Sentraal-Gaboen, gebruik dié metode om die ape op te spoor.

(Joylen van Wyk, Beeld, 23 Junie 2007, p. 15)

Om te bad of nie te bad nie…

Is dit regtig nodig om skoon kom na ‘n dag se stap? Die groep kan mos maar ‘n paar dae se reiniging oorslaan en dus ons stroompies en riviere minder besoedel, of hoe? Leer by ons voorouers in die 14de eeu en waarskynlik vroeër: Die meeste mense het toe in Junie getrou omdat hulle hul jaarlikse bad in Mei geneem het en dus nog nie in Junie so sleg geruik het nie. Let wel: nog nie sò sleg nie. Die bruide het dan ook geurige ruikers gedra om meer aanvaarbaar te wees/ruik. Parfuum is oorspronklik ontwikkel om die aardige “klanke” wat met ‘n onhigiëniese leefwyse te doen het, te kamoefleer.

Die mense het jaarliks in groot balies met warm water gebad. Die pa van die huis het eerste gebad, gevolg deur sy seuns en die ander manne. Dan die vrouens. Laaste die kleiner kindertjies.

Teen daardie tyd was die water ‘n dik ondeursigtige sop. Vandaar die gesegde: “Moenie die baba met die badwater uitgooi nie.”

Kom ons betoon genade aan ons strome en riviere, en maak soos ons voorouers – ten minste wanneer ons stap!

MCSA EXPEDITION TO KYRGYZSTAN

A group of ten MCSA climbers under the leadership of Ulrike Kiefer is going to visit the Kokshaal Tau Range in south-western Kyrgyzstan during August. This mountain range has seen very few mountaineering expeditions to this day and large parts are still practically unexplored. The objective of this MCSA expedition is to reach one of these "white" spots on the map and climb some unclimbed peaks. They will have to be totally self-sufficient during their stay in the mountains, there being no infrastructure, no roads and no rescue service.

SOUTH AFRICAN EVEREST SUMMITEERS

1996	Cathy O'Dowd	(North)
1996	Cathy O'Dowd	(South)
2003	Sean Wisedale	(South)
2003	Sibusiso Vilane	(South)
2004	Andre Bredenkamp	(North)
2005	Tony van Marken	(North)
2005	Alex Harris	(North)
2005	Sibusiso Vilane	(North)
2006	Selebelo Selamolela	(North)
2006	Sean Disney	(South)
2006	Saughan de la Harpe	(South)
2007	Andy van der Velde	(North)
2007	Andre Bredenkamp	(South)
2007	Mike Nixon	(South)
2007	Ronnie Muhl	(North)
2007	Mike Patterson	(North)

HIKING TRAILS — EASTERN CAPE

Alexandria Trail – (0)42 233-0556. Eastern Cape, Alexandria, 2 Days.

Amadiba Adventures – (0)39 305-6455. Eastern Cape, 50km.

Ecowa Trail – (0)45 931-1011. Eastern Cape, Elliot, 47km.

Fort Fordyce – (0)46 684-0729. Eastern Cape, Fort Beaufort, 25km.

Kariega Trail – (0)41 363-0263. Eastern Cape, Kenton-on-Sea, 8 to 10km.

Katberg Loop Trail – (0)43 642-1747. Eastern Cape, Balfour, 18km.

Lammergeier – (0)51 603-1114. Eastern Cape, Lady Grey, 15km.

Mkambati – (0)39 306-9000. Eastern Cape, Flagstaff, 15km.

Lily Pad Hiking Trail – (0)46 625-0815. Eastern Cape, Port Alfred, 12km.

Transkaroo Trail – (0)49 843-1506. Eastern Cape, Middelburg, 40km.

Tyume Indigenous Forest – (0)43 642-4148. Eastern Cape, Hogsback, 22km.

Woodcliffe Cave – (0)11 412-1888. Eastern Cape, Maclear, 39km.

DIE DAGESTAN-GEBIED IN RUSLAND

'n Groep vroue onder leiding van Charlotte Augustyn vertrek op 1 Augustus na Rusland om in die Caucasus berge te gaan stap. Sommige lede van die groep gaan ook Berg Elbruz klim, wat op 5633m (18481') die hoogste piek in Europa is.

Die Dagestan-gebied word gekenmerk deur die baie tale wat gepraat word in 'n area wat kleiner as Skotland is. Die gebied word bewoon deur 2,3 miljoen mense wat uit 34 etniese groepe bestaan. Die BKSA se nuusbrief van 21 April berig die volgende:

"Besides Russian, are local languages that would strike fear into the heart of any student who has wrestled with case endings. Lak, the native tongue of about 5% of the Dagestani population, has 56 cases – compared with six in Russian and a mere four in German, language specialist Yunusov-Raman says. But even Lak is beaten by Tabasaran, which is spoken by 95 000 in Southern Dagestan and has 62 cases.

Like many Dagestani tongues, Kubachinsky is not a written language, and is not taught in schools, but was preserved through the Soviet era by the sane combination of geography and tight social bonds that has preserved Kubachi's tradition of silverworking for centuries.

Aside from the total number of languages here – which depends on where lines are drawn between dialect and language – the diversity of their origins also amazes scholars. Aside from the native Caucasian languages, linguists have identified Turkic, Mongol, Greek and other language families here. The Tats, an ethnic group of about 18 000 people living near the southern coastal city of Derbent, still speak a dialect of Persian that is more than 1 000 years old.

But what seven decades of Soviet rule could not erode, the creep of Western culture is beginning to. Children in Kubachi learn their native language only at home. The related language of Darginsky is has to jostle for position with Russian and, increasingly, English."

GSM ON MOUNTAINS

Vodacom Tanzania operates the highest base station in the world on the summit of Klimandjaro (5895m). Other notable high altitude GSM base stations can be found at La Paz, Bolivia, the highest capital in the world at 4100m and Syangboche, Nepal near Everest base camp, at 3847m. An attempt to enable a China based GSM base station to be visible from the summit of Mount Everest is currently underway.

http://www.cellular-news.com

CHAKALAKA KITSGEREG

Meng stukkies gaar wors en rou kits-noedels met chakalaka. Kook stadig tot noedels gaar is. Smaaklike ete!

ANNUAL DINNER 2007

The 2007 Annual Dinner will be hosted by Cape Town Section on 13 October 2007.

Climb the mountains and get their good tidings. Nature's peace will flow into you as sunshine flows into trees. The winds will blow their own freshness into you, and the storms their energy, while cares will drop off like autumn leaves. *John Muir*

RICHTERSVELD

Die Richtersveld is Suid-Afrika se nuutste en agtste Wêreld-erfenisgebied.

TANZANIA'S MOUNT MERU MARATHON

The annual Mount Meru marathon, suspended in 1995 for lack of sponsorship, will henceforth be sponsored by Arusha-based Interstate Mining Company. The race will take place on 27 September 2007. http://allafrica.com

The mountains are calling and I must go.

John Muir

Port Jackson Nuus

Die Port Jackson (Acacia saligna) besmetting in die Wes-Kaap het in sekere areas wat gereeld gemonitor word, afgeneem. Die rede hiervoor is die swam *Uromycladium tepperianum* wat van Australië afkomstig is, en wat as biologiese beheer aangewend word. Port Jacksons is oorspronklik van Australië ingevoer en geplant om sand te stabiliseer en om pale en tannien vir die leerbedryf te verskaf. Die plantasies het later hand uitgeruk en die bome het vervuil. 'n Addisionele biologiese beheeragent, die snuitkewer *Melanterius Compactus*, word ook teen die Port Jackson ingespan.

MACHU PICCHU, PERU

Santa Teresa village has built a bridge over a turbulent river to open another route for backpackers trekking to Macu Picchu Inca ruins. Government cultural experts objected as they fear increased tourism could threaten this UNESCO World Heritage Site.

Saamgestel deur Mercia Coetzee